

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: “Verlies, verlore, verdwaal; watter bakens langs die pad?”**

**Skriflesing: Johannes 16:15-20**

### Broodjies vir die pad

Where is the Life we have lost in living? Where is the wisdom we have lost in knowledge? Where is the knowledge we have lost in information?

~ T. S. Eliot

Who are we? We find that we live on an insignificant planet of a humdrum star lost in a galaxy tucked away in some forgotten corner of a universe in which there are far more galaxies than people.

~ Carl Sagan

“Faith is not an art. Faith is not an achievement. Faith is not a good work of which some may boast while others can excuse themselves with a shrug of the shoulders for not being capable of it. It is a decisive insight of faith itself that all of us are incapable of faith in ourselves, whether we think of its preparation, beginning, continuation, or completion. In this respect believers understand unbelievers, skeptics, and atheists better than they understand themselves. Unlike unbelievers, they regard the impossibility of faith as necessary, not accidental ...”

~ Karl Barth, Reader

“Thus in this oneness Jesus Christ is the Mediator, the Reconciler, between God and man. Thus He comes forward to MAN on behalf of GOD calling for and awakening faith, love and hope, and to GOD on behalf of MAN, representing man, making satisfaction and interceding. Thus He attests and guarantees to God's free GRACE and at the same time attests and guarantees to God man's free GRATITUDE.”

~ Karl Barth, The Humanity of God

“The mature and well-balanced man, standing firmly with both feet on the earth, who has never been lamed and broken an half-blinded by the scandal of life, is as such the existentially godless man.”

~ Karl Barth, The Epistle to the Roman

Don't matter how much money you got, there's only two kinds of people: there's saved people and there's lost people.

~ Bob Dylan



### ‘Tao Te Ching’: Jou pad om te loop

Die filosofie van Lao Tzu (tydgenoot van Confucius in die sesde eeu v.C.) word saamgevat in sy enigste werk, genoem Tao Te Ching (Boek van die weg). Hierin lê hy veral klem op die mens se eie verantwoordelikheid om ’n betekenisvolle en sinvolle lewe te leef. Hy beskrywe dan binne die 81 verse hoe hy dink so ’n sinvolle en gelukkige lewe bereik kan word.

Sy wegspringplek is om te verduidelik dat die “Tao” (wat beteken “weg” of “pad”) neerkom op elkeen se persoonlike en unieke weg. Dat jy niemand anders se pad kan loop nie en dat niemand namens jou joune kan bewandel nie. Jy moet hierdie pad self stap.

Presies wat Boeddha se sterwenswoorde ook was: “Verganklik is alle dinge, werk julle eie heil uit.” Dit moes sy volgelinge seker baie ontstel het, want vir hulle was hy die redder, self god. En hier kom sê hy dat hy nie die antwoorde het nie, dat elkeen self sy antwoorde moet vind.

Maar hy’t geweet dat indien hy homself as die antwoord sou aanbied, dit sou meebring dat mense ophou om hul eie weg te bewandel. Ophou om verantwoordelikheid te neem. Mense sou hom blindelings nagevolg het en uiteindelik slawe van sy denke en waarheid word. En dit sou meebring dat so ’n persoon nie meer eerstehands leef nie. Alles sou net gefiltreer word deur die sogenaamde “god se waarheid”.

Ongelukkig presies wat met meeste godsdienste gebeur het. Hulle vloeiware woorde van wysheid het vinnig versteen in harde dogmas. Dogmas wat mense bind in plaas van bevry.

En wanneer ’n mens ’n gevangene is van sulke vooropgestelde dogmas, gevul met ander se idees, konsepte, ideologieë en ego-stories, word daar nie meer geleef nie, net bestaan. Presies wat die Zen-leermeester Matsuo Basho jare later aan sy volgelinge sou leer: “Seek not to follow in the footsteps of sages; seek what they sought.”

Goeie raad. Want dit help ’n mens verstaan dat jou lewensreis jou eie is. Enige rolspelers (voor jou leeftyd of tydens) is slegs rigtingwysers. Gidse op die pad van jou lewe. Presies dit waarop Lao Tzu se filosofie neerkom. ’n Wonderlike rigtingwyser. Maar slegs dit, ’n rigtingwyser, nie ’n bestemming nie.

Daarom seker dat hy so baie moeite doen om mense te herinner dat die enigste plek waar jy werklik waarheid en wysheid kan vind, is in in die ontvouende Tao (Weg), binne die oomblik, binne jouself.

Vers 14 van die Tao Te Ching sluit treffend hierby aan (my vertaling):

Jy kan dit nie begryp nie,  
want daar is geen begin nie;  
jy kan dit nie ken nie,  
maar jy kan dit wees.

Tevrede en in harmonie met jouself

kan jy kennis verwerf van jou oerbegin;  
dit is om werklik wys te wees.

Want is dit nie so nie, dat slegs deur nou en hier, wakker en bewustelik teenwoordig jou lewe in die oë te kyk, kan jy die insig en wysheid vind om die volgende tree sinvol te gee. Want sien, môre – of dan die toekoms – is net soos nou, oop en kreatief, daar is geen vaste of uitgewerkte plan nie. Niks is in vaste vorm gegiet of vooraf beskik nie, daar is geen bloudruk nie.

Die gegewe werklikheid is dat nou en die volgende nou en die een daarna, vol potensiaal en veranderlikes is, onvoorspelbare verrassings wat deel is van elkeen se lewensreis. Wysheid is dus om jou oop te stel vir hierdie veranderlike en onvoorspelbare en ontvouende aard van die werklikheid.

Om op te hou baklei teen dit wat is, en eerder die hier en nou te leer omarm en te gebruik as 'n voertuig vir jou reis.

As jy dus wil weet wat die sin van jou lewe is en hoekom jy hier is, sal jy die antwoord vind deur die lewe in hierdie oomblik te leef, eerder as om te probeer inpas in 'n formule of resep.

Want die lewe word heilig daar waar jy wakker word vir dit wat is, en daar waar jy jousef toelaat om spontaan en vry te leef.

Want deur hierdie wakker en vry lewe kan jy, die reisiger, die Tao ontdek. Hoewel onnoembaar, onsigbaar en selfs leeg, is dit ook 'n kragtige teenwoordigheid, 'n onkeerbare krag. Die bron en oorsprong vanwaar alles kom en waarheen alles uiteindelik weer terugkeer.

En op jou lewensreis word dit die kragbron wat jou kan help skyn.

Vergun my om af te sluit met vers 4 van Tao Te Ching (my vertaling) om hierdie wysheid te illustreer:

Die Tao is 'n onuitputlike leegheid;  
en al maak almal daarvan gebruik,  
word dit nooit opgebruik nie.  
In hierdie leegheid is daar plek vir alles.  
En hoewel onsigbaar, skyn dit deur alles.

## Brood vir die pad

### Papierkoerant is 'n 'bybel' van die menslikheid

*Wilhelm Jordaan*

Soos sommige ander betreur ek die stadige dood van die papierkoerant. En ek begeer met my hele hart dat dit nie rêrig sal gebeur nie – dat vir die papierkoerant sal geld wat Umberto Eco en sy denkmats geskryf het: “This is not the end of the book”.

Verstandig weet ek “digitale nuus” is 'n móet, maar my hart neig anders. Want kyk, ek en 'n koerant kom al van ver af saam. Ek was nog 'n knapie toe ek soggens vroeg Volksblad (toe nog 'n laatmiddagkoerant) by die tuinhekkie gaan haal het.

In die sitkamer op die mat het ek dan op my knieë gegaan geheel en al betower deur gister se stories wat van naby en van “ver oor die see” gekom het na ons middelklashuisie langs die spoorlyn in Montgomerystraat 22, Wilgehof, Bloemfontein.

Met die reuk van drukkersink in my neus en my vingers swart gesmeer, kon ek voor skool deur eie land en wêreld reis. Dit het soos 'n dwelm geword wat ek móés neem. Vandag nog is dit so: As Beeld nie vroegoggend afgelewer is nie, voel ek in die steek gelaat; is ek omgekrap, selfs befoeterd.

Daarom staan dit by my (nostalgies) vas: 'n Papierkoerant is soos die wiel: Sedert dit uitgevind is, kon niemand nog daarop verbeter nie.

Want eens op my soepeler knieë en nou op 'n gemakstoel in die sonnetjie op die stoep kom ek nuwe gedagtes en moontlikhede teë; begelei deur die geur van woorde, die wending van sinne en die verleiding van foto's: Wie, waar, wanneer en wat? Altyd op pad – op ou paaie én nuwe, vreemde en opwindende reisroetes.

So algaande het ek die papierkoerant begin verstaan as 'n “bybel” van menslikheid wat boekstaaf hoe goed en hoe boos die mens is; die dubbelhartige mens wat beurtelings by die kruis kniel én teen die hemel skel; reddeloos selfsugtig én opreg deernisvol is; moed het én moed verloor; opgaan in die geringe én grootsheid bedink en bereik.

En dit alles staan in die papierkoerant – om jou kwaad én bly te maak; te laat lag én te laat huil . . .

Soos toe Millinah Omotola onlangs in Die Burger geskryf het oor ouers met 'n “halwe hart” – dié wat hul kinders aan die dood moes afstaan. In die winkel ná kerk op 'n Sondagmôre wil sy na 'n ouerpaar oorstap om jammer te sê en 'n drukkie of 'n handdruk te gee.

Maar dan sak haar moed en sy stap verby.

Sy vra haarself af: “Hoe oortuig jy 'n gebroke ouer, met jou kinders styf teen jou lyf, dat dit beter word en dat jy stilletjies saam met hulle ly?”

Dan sê sy: “Vir my is die koerant die beste plek om jou droefheid weg te steek, want die trane wat ná elke tragiese berig daarop val en mettertyd droog word, bly net daar – niemand sien dit raak nie. Ek het al baie trane so in koerante agtergelaat...”

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-papierkoerant-is-n-bybel-van-die-menslikheid-20160427>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*

### Lied 525

Here, hoe blymoedig  
en in dank oorfloedig  
maak U my die hart.

U gee ons u seën

soos 'n milde reën;

U vertrou in smart.

Ja, ons weet, ook in ons leed

leef ons onder u genade;

vrees ons nie die kwade.